Sondag, 13 September 2020
Koninkrykstyd

Dien die Here, maar wag... dit is geen ligtelike besluit nie.

"'Betoon dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en trou...' Maar Josua het vir die volk gesê: 'Julle kan nie die Here dien nie. Hy is 'n heilige God, Hy is 'n God wat onverdeelde trou eis en julle opstandigheid en sonde nie sal vergewe nie.'"
(Josua 24:14a & 19)
"Elia het voor die hele volk gaan staan en gesê: 'Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm.' Die volk het hom nie 'n woord geantwoord nie."
(1 Konings 18:21)

Hier aan die einde van die boek, speel Josua 'n profetiese rol; die werk van Josua, die goeie generaal, is afgehandel. Israel is in Kanaän, waar God se plan met die redding van die wêreld in Jesus Christus sou vorm aanneem. Dus maak Josua die volk nog een maal bymekaar, nie om te veg nie, maar om te kies. Die keuse en veral die gewig daarvan word in Josua 24 sterk beklemtoon. Keuses veronderstel dat daar 'n ander opsie ook moet wees waartussen gekies moet word. Hoe verder die gesprek vorder hoe meer word ons egter bewus daarvan dat daar eintlik geen keuse is nie.

Israel moet kies om die Here heelhartig te dien, die alternatief is om die gode van Egipte die dien – dié "gode" wat oorwin is deur Israel se God met elkeen van die 10 plae of dié "gode" van die lande wat hulle so pas ingeneem het – gode wat glad nie by magte was om hulle mense te help nie. Die keuse is egter geen keuse nie, maar 'n verbintenis om die Here te dien. Daar is ook 'n ander rede waarom mense nie anders kan besluit as om die Here te dien nie. Hierdie rede het te make met die pad waarmee die Here met jou tot hier gekom het. Vir Josua en Israel was dit die verhaal van die verbondsluiting met Abraham reg deur tot die gebeure met die inname van Kanaän. Vir jou en my is dit die verhaal van Christus aan die kruis tot daar waar die Heilige Gees jou oortuig het van sonde en vergifnis. Dit is aan hierdie verbintenis waaraan Josua geken wil word en vandaar sy bekende belydenis: "*Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien*."

Vers 19 is besondere sterk woorde van Josua. Hy sê vir Israel dat hulle nie die Here kan dien nie en sy rede daarvoor is tweërlei: 1) God is heilig, en 2) God eis onverdeelde harte. Dit is wonderlik wanneer mense kies om God te dien. Voor jy egter hierdie besluit ligtelik neem, moet jy besef dat diens aan die Here ook gevaarlik kan wees. Diens aan die die lewende, heilige God is nie maklik; dit vra absolute gehoorsaamheid, moeilike verandering, stryd met die sondige natuur in jou, regenerasie en herskepping. Bitter min hiervan is maklik en daarom mag jou besluit om die Here te dien nooit ligtelik geneem word nie.

Ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Die diens is vooraf opgeneem in die kerkgebou en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.
Baie dankie aan almal wat meegewerk het: Danie Joubert, RW Adendorf, Janette de Waal (blomme), Adri van den Berg en Rita van Zyl.

Eredienste volgende Sondae:

Sondag, 20 September	09:30 – ds. Jan Lubbe
Sondag, 27 September	09:30 – ds. Johan Marais
	18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizé)

Ons eredienste binne in die kerkgebou het hervat, maar volgens die inperkings-regulasies vir kerklike byeenkomste kan slegs 50 lidmate per keer die erediens bywoon. Vir volgende Sondag nooi ons lidmate uit **Wyke 13, 14, 15 en 16** na die erediens; dit is die areas ver wes en noordoos van die kerk (Langenhovenpark, Universitas, Westdene, Serenitas en Noorderbloem). Lidmate wat nie in die afgelope veertien dae positief getoets is vir Covid-19 of in kontak met so-iemand was, wat nie tipiese griepsimptome beleef of buitengewone moegheid of naarheid nie en wat nie ly aan ko-morbiditeite soos diabetes, bloeddruk of asma nie, mag die erediens bywoon. Indien u ouderdomsgewys in ‘n kwesbare groep val (bó 60), moet u u bywoning versigtig oorweeg en eie verantwoordelikheid neem vir u veiligheid en gesondheid. Lidmate wat die erediens wil bywoon, moet vóór Vrydag, 18 September om 12:00 u naam en van sms of whatsapp na 073 180 3193 om u sitplek te “bespreek”. ‘n Covid 19-gesondheidsvorm sal aan u gestuur word om te voltooi en saam te bring na die erediens; onthou ook u masker en eie Bybel en Liedboek. Tydens die erediens en op die kerkterrein geld die hou van fisiese afstand tussen kerkgangers (1½ meter), handreiniging en die dra van ‘n masker.

LITURGIE

Votum:	Lied 159:1 God is hier teenwoordig Luk. 9:34-35
Seëngroet	
Loflied:	Lied 192:1&2 Grote God, U skepperhand
Inleiding	
Gebedslied:	Lied 282:1, 4&5 Terwyl ons bid vir elke volk
Skriflesing:	**Josua 24:14-24**
Woordverkondiging:	‘‘Dien die Here, maar… dis nie ‘n ligtelike besluit’’
Gebed:	
Slotlied:	Lied 456:1&3 Loof, heel die skepping loof die Heer
Seënbede:	
Orrelnaspel:	Fantasie op Lied 456 (verw. Gerrit Olivier)

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:
U kan 'n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal deur 'n elektroniese betaling via die internet te doen of per snapscan soos aan die einde van hierdie *Fokus*. Dit gaan vir die instandhouding van ons eredienste en ander werksaamhede, ook noodleniging in hierdie tyd. Ons betaal elke Sondag daaruit 'n bedrag van R 1 000 oor aan die betrokke instansie of projek soos op ons program vir deurkollektes aangedui, sodat daardie werk ook kan voortgaan. Vandag, 13 September, is die deurkollekte vir die Geestelike Bearbeiding van Naskoolse Jeug. Dankie vir jou bydrae en gebed vir al hierdie werk.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

13 Sept	Rina Horn, Huibrecht v/d Westhuizen, Jan Berry, Theuns Mulder, Sunique Boshoff en Uli Maritz.
15 Sept	Francois Bothma, Michael Heynecke, Jaco Jordaan en Karli Fourie.
16 Sept	Hanna Lubbe, Hannelize du Toit, Rilani Pretorius en Christiaan Els.
17 Sept	Anika Cronje en Lynette Mulder.
18 Sept	Carli Klindt.
19 Sept	Fanie van Jaarsveld en Larissa Snygans.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie René v/d Walt (Siësta, wyk 10); Magda van Wyk (Wild Olive Heights 1, wyk 18b); Maryna Spies (Mockestr. 6, wyk 9b); Tannie Mietzie Bezuidenhout (Poulteneystr. 12, wyk 6a) en Beatrice Carshagen (wyk 12). Ons dink steeds aan almal wat op een of ander manier met die beproewinge van Covid-19 moet leef, gesondheidsgewys, in jou werkplek of by die skole – baie sterkte en hou moed...

As gemeente en gemeenskap is ons dankbaar oor die uitkoms wat vir Siësta Tehuis vir Bejaardes gevind is, en is ons bede dat daar in die volgende maande daadwerklike vordering gemaak sal word met 'n volhoubare die herontwikkeling van die tuiste. Ons rig ook 'n woord van dank aan Solidariteit Helpende Hand vir hul groot insette hier.

Gelukwense aan Oom Hans en Tannie Marianne Koorts (Serenitas 11, wyk 15a) met hul 65ste huweliksherdenking afgelope week; Oom Hans is ná 'n lang hospitalisasie weer tuis!

Ons innige meegevoel aan Albie Rossouw (RayChampionstr 8A, wyk 12a) en hul familie met die heengaan van sy vader; die begrafnis was gister op die plaas by Garies.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES
Die Mannegebedsgroep tree steeds vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.
'n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep lees tans die **Profeet Jona** – almal welkom. 'n Werksbladsy en kort inleiding word Woensdagaande per whatsapp aangestuur vir jou stiltetyd. As jy hierby wil inskakel, stuur 'n boodskap na ds. Jan by 082 784 9362.

"Wag op die Here, Israel, want by Hom is daar troue liefde" – Psalm 130:7

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Wyke 7 (Blok tussen kerkgebou, Preller- en Emily Hobhouse-pleine) **en 8** (Blok noord van Emily Hobhouse-plein) is gedurende September verantwoordelik vir ons sorg en omgee en gasvryheid. Indien u hierby betrokke wil help, kontak Rita van Zyl, ons kantoorbestuurder – by voorbaat dank.

Heropening van Kerkkantoor:
Maandae, 09:00-12:00 Rita van Zyl (083 656 1680)
Vrydae, 09:00-12:00 Adri van den Berg (082 613 8452)
Alle personeellede is wel ook deurgaans op hul selfone of per epos bereikbaar.

BEDIENINGE

Vir ons eredienste en kategese volg ons tans die beskikbare skoolkalender vir die 3e kwartaal wat tot 23 Oktober strek; ons hoop om met die lente en 'n verligting van die inperkingsmaatreëls binnekort meer werksaamhede te hervat.

JEUGBEDIENING
Kategese:
Ons kategese het hervat, en vandag is die Belydenisgroep van ds. Johan en die Graad 7's en 6'e se beurt; volgende Sondagoggend **Grade 5, 4 en 3** saam met die Graad 11's. Die kategete sal weer met ouers en kinders daaroor kommunikeer. Hierdie naweek kamp die Belydenisgroep van ds. Jan op Menuha; baie dankie aan alle helpers met etes en vervoer vir dié groep van 30 koshuiskinders!

GETUIENISBEDIENING (met brood en Woord)
Siësta Tehuis vir Bejaardes: Indien u 'n bydrae wil maak ter verligting van nood by Siësta, kontak Hannah Geyser (084-767-2817) of ds. Jan (082-784-9362).
Gladstoneweg Jeugsorgsentrum: Behoeftes aan klere, kruideniers en huiswerkhulp bestaan by die kinders – indien u kan help, kontak Helene Engelbrecht 082-777-3575.
Tweeliters vir Tweetoringkerk: Baie dankie aan almal vir die leë 2-liter plastiekbottels wat al by die kerk afgelewer is (koeldrank- of melkhouers) – Tweetoringkerk gebruik dit by hul sopkombuis; bring dit na Berg-en-Dal en ons neem dit na Tweetoring.

NG Kerk Berg-en-Dal
ABSA
Tjekrekening 470-580-011

SnapScan

Op berge en in dale,
oral voor Gods aangesig.